**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**JUNIE 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE afdelings.**

**Afdeling A: Vraag 1.**
Die engelman: Kort Transaksionele Teks:
Messenger boodskap 20
**Vraag 2.**
Die engelman: Kontekstuele vrae: 15

**Afdeling B: Vraag 3.**
Donker nag: Kontekstuele vrae: 17
**Vraag 4.**
Verneukkind: Kontekstuele vrae: 18

Beantwoord al die vrae in hierdie afdelings.

2. Lees die instruksies baie goed.

3. Begin elke afdeling op ʼn skoon bladsy.

4. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, Gilbert of Ramdhani.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A:

**Vraag 1. Die engelman. Kort Transaksionele Skryfstuk.**

**Messenger-boodskap**

Jy is Chris, uit die kortverhaal, "Die engelman". Jy stuur vir jou ouers 'n Messenger-boodskap van Dover af. Vertel hulle van jou ondervindings daar. Dit moet op die feite van die kortverhaal gebaseer wees.

Jy moet jou skryfstuk beplan, redigeer en dan die finale poging skryf.
Jou skryfstuk moet 80 -100 woorde beslaan.

**(20)**

## Vraag 2.

**Die engelman: kontekstuele vrae.**

Lees die onderstaande uittreksel uit Die engelman en beantwoord dan die vrae wat volg.

| |
|---|
| Hy het amper die hele Engeland-storie afgestel. Natalie was werklik die eerste meisie op wie hy hartgrondig verlief was. Daar was al soene in die bus, sokkies saam met iemand wat sy hart laat fladder het, flieks waarvan hy nooit die storielyn sou kon opsê nie, maar niemand soos Natalie nie. |

2.1. Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met:

"Natalie was werklik die eerste meisie op wie hy hartgrondig verlief was." (1)

2.2. Chris het nooit getwyfel oor sy Engeland-storie nie.

Haal 'n sin aan om te bewys dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.3. Pas die beskrywing in KOLOM B by die name in KOLOM A.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 2.3.1. A

| | **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|---|
| 2.3.1. | Sy ma | A. Lees ook Eco |
| 2.3.2. | Sy pa | B. Het sy wange gesoen |
| 2.3.3. | Sy baas | C. Het hom styf gedruk |
| 2.3.4. | Silina | D. Het sy hand geskud |
| | | E. Noem hom sy African driver |

(4)

2.4.1. Watter werk doen Chris in Dover? (1)

2.4.2. Noem 1 ding wat Chris met die glad wat hy in Dover maak,wil doen (1)

2.5. Wat sê dit vir ons omtrent Chris se karakter wanneer dit in die kortverhaal vir ons sê: "In graad 11 het hy al geweet hy wil in Dover kom werk." ? (1)

2.6. Watter tipe brief het Chris daardie dag van Natalie ontvang? (1)

2.7. Hoekom het Silina vir Chris 'n Engelman genoem? (1)

2.8. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Ons kan sê dat Silina daardie dag 'n engelvrou was, omdat sy vir Chris van sy hartseer laat __________ het.

A. verkeerd
B. onthou
C. glimlag
D. vergeet (1)

2.9. Kies woorde uit die woordblok om die volgende paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Wits | B.Com | Tuks | Maties | Ingenieurs | Rekeningkunde |

Natalie het by 2.9.1.______________ gaan studeer. Chris wil ook daar 'n 2.9.2. __________ graad gaan studeer. (2)

2.10. Waar gaan Chris vir Silina ontmoet? (1)

(15)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**Afdeling B:**

**Vraag 3.**

**Donker nag: kontekstuele vrae.**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Dan die fletsende blou van die volgende straal, die slag. Buite val die reën. Iemand in 'n reënjas storm by die deur uit, struikel by die trap af. Toe die mens in die jas sukkelend orent kom, slaan die weer: hulle sien die mens ruk toe die straal tref, agteroor stort en doodstil bly lê. Die man by tafel 6 spring op en storm buitetoe. Hulle kan sien hoe hy oor die stil liggaam buite buk.
>
> "Morsdood," hoor hulle tafel 6 sê.




3.1. In watter maand van die jaar speel hierdie kortverhaal af? (1)

3.2. Wat noem ons die voertuig waarin die man wat deur die weerlig getref is, weggeneem word? (1)

3.3. Daar is sekere feite omtrent die man by tafel 6. Kies die TWEE KORREKTE FEITE en skryf hulle onder mekaar neer.

- Hy bestuur die ambulans.
- Hy drink brandewyn
- Hy drink koffie.
- Hy klink orig.
- Hy klink nie orig nie.
- Hy bied aan om haar huis toe te vat. (2)

3.4. Daar is iets omtrent die rokkies wat die kelnerinne dra, waarvan Klara nie hou nie. Wat is dit? (1)

3.5. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer.

Die feit dat die restaurantbestuurder vir Klara wag voordat hy ry, wys vir ons dat hy ___________ .

A. kwaad vir Klara is.
B. hartseer oor Klara is.
C. vir Klara omgee.
D. dink dat Klara moeilik is. (1)

3.6. Verduidelik waar Klara woon en hoekom daar daardie aand niemand anders daar was nie. (2)

3.7. Wat, behalwe sy visitekaartjie, het die man by tafel nommer 6 daardie aand vir Klara gegee? (1)

3.8. Die volgende stelling is ONWAAR. Gebruik jou kennis van die kortverhaal om te bewys dat dit ONWAAR is.

Klara ry 'n motor. (1)

3.9. Waarteen waarsku die man by tafel 6 vir Klara? (1)

3.10. Voltooi die volgende paragraaf deur elke keer net EEN woord in te vul.
Kies van die woorde in die tabel hieronder.
Skryf slegs die KORREKTE woord langs die vraagnommers (3.10.1 tot 3.10.4.) neer.

| |
|---|
| Isabel, toesluit, sweet, veiligheidshek, Stander, oopsluit, voordeur |

Toe Klara by die huis aankom, laat sy die motorfietsie luier voordat sy (3.10.1) _____________. Ten spyte van die reën, het die (3.10.2) ____________ langs haar rug afgeloop. Sy sukkel met die (3.10.3) ____________ se sleutel. Sy het (3.10.4)___________ se selfoonnommer in haar foon ingetik. (4)

3.11. Watter les kan ons almal uit hierdie kortverhaal leer? (1)

3.12. Hoekom is ons as lesers verbaas, as dit Kaptein Johan Stander se selfoon is, wat in Klara se huis lui? (1)

(17)

**<u>Vraag 4.</u>**

**Verneukkind: kontekstuele vrae:**

<u>Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.</u>

> Uitasem hardloop Jessica woonstel toe. Oor haar een skouer hang 'n inkopiesak en oor die ander beur haar skooltas. Haar skoen glip uit. Sy vloek sag, draai hinkepink terug, skud die sand uit, druk haar voet weer in, en hardloop verder.
>
> Kort-kort dwaal haar oë na die grys wolke. Dit voel of hulle vandag sommer hier teenaan haar lyf lê, soos 'n kombers wat die koue weghou terwyl haar gedagtes ompaaie loop. Elke keer as die wolke teen Tafelberg afrol en hulle uitstrek oor die Kaapse vlakte, kom die dink oor 'n belofte in haar los.
>
> 'n Belofte van sewe donderslae.
>
> Sewe slae. Niks meer nie. En ook niks minder nie.
>
> Jare al wag sy vir die dag dat dié belofte waar word, soek sy tekens en lei sy hopeloos te veel af van elke saligheid wat oor haar pad kom: 'n onverwagse blom in die droë bedding langs die woonsteltrap, die dronkgatbure wat nie die hele vloer wakker baklei nie, goeie opstelpunte.

4.1. Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die KORREKTE woord neer.

Jessica woon (in Stellenbosch / Wentworth / in Elsiesrivier) (1)

4.2. Pas die woorde in KOLOM B by die woorde in KOLOM A.
Skryf slegs die vraagnommer en die LETTERS neer.

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 4.2.1. | Ouma Kytie | A. Dit bring haar ma terug. |
| 4.2.2. | Jessica | B. Hy sê sy moet grootword |
| 4.2.3. | Kyle | C. Verneuk mense vir kos |
| 4.2.4. | Belofte | D. Is lief vir kinders |
| | | E. 'n Baie ongeduldige mens |

(4)

4.3. Hoe weet ons, as ons na die woonstel kyk, dat ouma Kytie nie baie geld het nie. (1)

4.4. Dink jy dat Jessica dit geniet om by ouma Kytie te bly? Ja/Nee?
Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.5. Watter taal word in die kortverhaal gebruik? (1)

4.6.1. Wie het vir Jessica leer bedel? (1)
4.6.2. Noem 1 taktiek wat die persoon vir Jessica geleer het. (1)

4.7. Gee die standaard Afrikaanse woorde vir:
  A. siewe
  B. hettie kossie (2)

4.8. Noem 2 dinge waarvoor Jessica hoop. (2)

4.9. Waarom wou die vrou by wie Jessica daardie middag gebedel het, eerder 'n blikkie vis as 'n pakkie hoender koop? (1)

4.10. Hoeveel keer het die donder daardie dag geslaan? (1)

4.11. Noem 1 ooreenkoms tussen hierdie kortverhaal en 'n tradisionele sprokie. (1)

4.12. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is:

A. Hoe ouer mense kinders verneuk en sleg aandoen.
B. Hoe 'n mens moet probeer ontsnap uit ongelukkige omstandighede.
C. Hoe jonk kinders kan wees wanneer hulle leer hoe om ander mense te verneuk.
D. Hoe kinders hulle ouers mis as hulle nie meer daar is nie. (1)

(18)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**